TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 4/1/2017 **Datum: 2 Feb 2017**

Uit die kantoor:

Gr 1 Aansoeke 2018.

Alle ouers en veral ouers met Gr R leerlinge in ons kleuterskool moet asb nie versuim om aansoek te doen voor 1 Maart nie. (Aansoeke het reeds 1 Feb geopen.)

Alhoewel ons voorkeur gee aan die klein Tjokkies en boeties en sussies wat huidiglik in Tjokkies is, moet u dit nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons kan nie onbepaald wag vir u aansoek nie, aangesien ons baie aansoeke uit ander oorde ontvang.

Die huidige Gr R-leerlinge ontvang die week aansoekvorms wat u asb nie later as 1 Maart by die grootskool se kantoor moet inhandig nie.

Suksesvolle aansoeke word teen einde Junie in kennis gestel en u moet die toelating nie later as 1 Aug bevestig nie.

Sien ook punt 6 van die skool se Toelatingsbeleid wat op die webwerf is.

Ons waarde, "NET MY BESTE" geniet tans aandag. Sien ook die plakkate wat op strategiese punte teen ons mure pronk.

BELANGRIKE DATUMS

2 Feb: Intergala met Willem Postma (weg). Begin om 14:00

4 Feb: Nautilus 1. Verrykende Wiskundeklasse. Vir meer inligting kontak mnr Nicolaas.

6 Feb: Graad 1 inlywing in skoolsaal om 07h45. Ouers welkom.
0/9 krieketliga

7 Feb: Sone A Atletiek-byeenkoms by die Stadion. Atlete wat gekies is, kry die nodige inligting.

0/11 Krieketliga

9 Feb: 0/13 Krieketliga.

Kleuterskool se ken-mekaar piekniek.

Louis Boksingel

Die inwoners van die singel het besluit om die parkie op eie koste te omhein om sodoende te verhoed dat ouers en ander persone daarop parkeer.

Die parke-afdeling het ook bevestig dat dit 'n parkie is en nie 'n parkeerarea nie en het onderneem om die nodige kennisgewingbord aan te bring.

Baie dankie dat u ons skool se bure konsidereer.

VERJAARSDAE

9 Feb: Juf Odette v Niekerk (RO)

UITSLAE

Baie geluk aan die Rooispan by die Tjokkie Swemgala wat die wenners was.

Die volgende rekords is verbeter:

Caileigh de Beer (8 jaar) – 3 rekords
Renier du Preez (11 jaar) – 1 rekord
Nicole Dreyer (13 jaar) – 4 rekords
Simeon Vorster (13 jaar) – 7 rekords

Nicole Dreyer is aangewys as die beste dogterswemmer.

Simeon Vorster is aangewys as die beste seunswemmer.

Skoolgeld

7 Feb: Die eerste paaiement is betaalbaar. Gebruik asb u kind se verwysingnommer met inbetaling. Skakel die finansiële beampte, Daleen Vermaak, daarvoor.

8 Feb: Aansoeke vir korting sluit.

SKOOL- & MIDDAGSTUDIEGELD

Die eerste skoolgeldpaaiement is voor 7 Februarie betaalbaar.

Middagstudiegeld is kwartaalliks vooruit betaalbaar, maar kan ook per debietorder saam met skoolgeld betaal word.

VOORTREKKERS

Briewe in verband met die Aksiekrieket vir Gr 6 en 7 Voortrekkers is uitgedeel. Let asb op die sperdatum.

VALENTYNSDAG: 10 Feb 2017

Kom getooi in pienk/wit/rooi. (R5 moet by jou klasonderwyser inbetaal word indien jy in gewone klere skooltoe kom.)
Jy kan vanaf 6 – 9 Februarie vir AL jou spesiale maats pragtige, goedkoop geskenkies kom koop by die tafels voor die skoolsaal, dit toedraai en dan so gou moontlik in die houers in die voorportaal gaan sit. Die leerderraad sal dit dan op Vrydag, 10 Februarie, by die regte klas gaan aflewer. Maak seker dat jou maatjie se naam en klas duidelik op die geskenkie staan.

Valentynsdag = Vriendskap / Omgee / Dankie-sê / Liefde

Ons KLASREëLS verander as volg: Eerder as "Moenies" het ons iets meer positief daargestel:

GRAAD R-AANSOEKE

Die aansoeke het gister, 1 Februarie 2017 geopen vir Tjokkies Preprimêr vir 2018. Bring asseblief so spoedig moontlik u aansoek in vir kleuters wat volgende jaar Graad R is.

DEURLOOP BY KLEUTERSKOOL

Die kleuterskool versoek vriendelik dat ons ouers nie die kleuterskool as 'n deurloop sal gebruik om groter kinders op- en af te laai nie. Dit is net ter wille van die veiligheid van die kleuters.

THINK U CAN DANCE?

Kom chill saam!

Slegs graad 7
Pret en Pryse

Kaartjies by leerlingraad @ R20

17 Febr van 18h00 tot 21h00

SNUFFELS

Ruim en netjiese 3 slaapkamer, 2 badkamer meenthuis te huur in Gardeniapark. Drie lugversorgers, elektriese motorhuis, koopkrag en koopwater. R6 500 per maand. Beskikbaar 1 Maart 2017. Skakel 076 290 2956.

Tjokkie-ouers en gesinne: Ons nooi julle hartlik uit na die volgende FRANSE MARK 4 Feb 2017, 07h30 - 14h00. Verskeie lekkernye te eet en proe. Franse gebak, crepes, melktert, spitgebraaide hoendertjies, hope kindervermaak en veilige speelplek. Franse musiek en sangoptrede tydens etensuur. Toegangsfooi: Volwassens: R20pp, Kinders: R10pp, Onder 6jaar: Gratis. Adres: Speserylaan 40, Kwaggafontein, oorkant Makro. Skakel Suretha vir verdere inligting - 083 329 487

Smartschool ekstra klasse
Ons bied Middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur 'n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer. Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

SNUFFELS

Suiwer Heuning
Plaas nou bestelling by Mnr. Nicolaas.
R45/500g
083 631 5824

PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS
TOETSROOSTER:

10 FEBRUARIE 2017 – 17 FEBRUARIE 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
10 FEB VRYDAG	WISK	WISK	WISK	WISK
13 FEB MAANDAG	AFR	AFR	AFR	AFR
14 FEB DINSDAG	ENG	ENG	ENG	ENG/TEG
15 FEB WOENSDAG	NWT	NWT	NWT	EBW
16 FEB DONDERDAG	SW	SW	SW	SW
17 FEB VRYDAG				NW